



Verwysing: 20210804-4811
Lêerno.: 13/7/1/2
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0012/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Riglyne oor die afneem van die Praktiese Asseseringstaak vir Toerisme tydens die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2021

1. Inleiding

Praktiese assesseringstake (PAT'e) is vir vakke met praktiese komponente opgestel. Dié PAT'e maak deel uit van die assesseringsvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2021, soos bepaal in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV).

2. Die PAT vir Toerisme in 2021

- 2.1 Die uitleg van die PAT vir Toerisme in 2021 is volgens die *Abridged Section 4 Grade 12 CAPS Amendments* (Januarie 2021) gewysig. Die *Teacher Guidelines* van die PAT vir Toerisme is vroeër vanjaar aan skole beskikbaar gestel.
- 2.2 Die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal 'n intervensiesessie reël waar onderwysers voorligting oor die administrasie van die PAT sal ontvang, en hoe om kandidate vir die skryfgeleentheid voor te berei.
- 2.3 Prinsipale en departementele hoofde wat verantwoordelik is vir Toerisme, moet sorg dat die onderwysers wat Toerisme aanbied die *Teacher Guidelines* (Intervensie en Inligting) gebruik om kandidate voldoende voor te berei om die PAT vir Toerisme in 2021 af te neem.

3. Die afneem van die PAT vir Toerisme

- 3.1 Skole sal die PAT vir Toerisme gedurende die week van 10 tot 12 Augustus 2021 ontvang waarna dit onmiddellik, tot en met 16 Augustus 2021, in die skool se instapkluis bewaar moet word.
- 3.2 Aangesien die skool bepaal watter twee dae vir die PAT gebruik sal word, mag die houer met dag 1 se PAT en hulpbronnepakket **slegs op die eerste dag oopgemaak** word, en die PAT vir dag 2 moet dan op die daaropvolgende dag oopgemaak word.
- 3.3 Die PAT sal vanaf 16 tot 27 Augustus 2021 gedurende skoolure onder **gekontroleerde** omstandighede afgeneem word. Gekontroleerde omstandighede beteken dat die PAT op die vasgestelde tye by die skool moet plaasvind onder die toesig van 'n opsiener wat deur die prinsipaal aangestel is. Die onderwyser/s vir Toerisme mag nie as opsiener/s dien nie.
- 3.4 Die PAT'e vir dag 1 sal saam met foliobladsye uitgereik word, en dag 2 se PAT'e sal met ou Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4 (OOV V4)-antwoordboeke uitgereik word sodat leerders dit kan gebruik om die PAT te voltooi. Die OOV V4-antwoordboek het 'n pienk omslag. Voor die leerders met die PAT vir dag 2 begin, moet die pienk omslag van die ou OOV V4-antwoordboek eers verwyder word waarna die antwoordboek vir foliobladsye gebruik moet word.
- 3.5 Die tyd wat vir die PAT toegeken is, is agt uur wat in twee sessies van vier uur elk opgedeel is. Die twee vier uur sessies moet oor **twee opeenvolgende dae** beplan word. Pouses tussen sessies moet na goeddunke van die skool geïmplementeer word.
- 3.6 Kandidate moet op beide dae waarop die PAT vir Toerisme beplan is by die skool aanmeld.
- 3.7 Kandidate wat nie die PAT-skrifgeleentheid bywoon nie (met óf sonder 'n geldige rede), sal hanteer word in ooreenstemming met die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen*, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 37651 van 16 Mei 2014.

4. Die afneem van die PAT

- 4.1 Die PAT bestaan uit twee afdelings, **dag een** en **dag twee** en bevat 'n hulpbronnepakket. Die hulpbronnepakke word slegs tydens die onderskeie skryfsessies uitgedeel.
- 4.2 Elke kandidaat moet hul eie afskrif van die PAT en die hulpbronnepakket ontvang. Kandidate sal die PAT vir dag een op die eerste dag ontvang, en die PAT vir dag twee op die tweede dag van die skryfgeleentheid.

- 4.3 Dieselfde hulpbronnepakke sal op dag een en dag twee van die skryfsessies gebruik word. Die voltooide PAT vir elke dag, asook die hulpbronnepakket moet aan die einde van elke skryfgeleentheid ingeneem word.
- 4.4 Wanneer die PAT-pakket vir die dag ontvang word, moet kandidate seker maak dat alle bladsye ingesluit is. Kandidate moet minstens tien minute spandeer om die instruksie te lees en vertrouwd te raak met die inhoud van beide dokumente.
- 4.5 Slegs hulpbronne en addenda wat in die amptelike hulpbronnepakket verskaf is mag gebruik word. Kandidate sal **nie** toegelaat word om enige ander hulpbronne in die lokaal in te neem **nie**. Geen elektroniese toerusting (rekenaars, skootrekenaars, selfone, internettoegang) word toegelaat terwyl die PAT geskryf word nie.
- 4.6 Die PAT vir dag een en dag twee, moet op die beplande dag plaasvind. Geen ekstra tyd sal toegestaan word nie, behalwe waar toegewings aan kandidate met spesiale behoeftes toegestaan is.
- 4.7 Alle PAT'e moet met die hand geskryf word, behalwe kandidate wat aansoek gedoen het om 'n konsessie.
- 4.8 Skryfbehoeftes mag nie in die skryflokaal gedeel word nie.
- 4.9 Die onderwysers wat Toerisme aanbied, moet op die dae wat die PAT geskryf word, by die skool wees om duidelikheid en leiding te bied, indien nodig. Daar moet een opsiner vir elke 30 kandidate wees.
5. Prinsipale en distriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-08-10